VEILING VAN DIE WEEK

SA Rekordprys

Die Brangusbul SB 15439 van Smith Brangus wat teen 'n rekordprys van R550 000 op die nasionale veiling op Harrismith verkoop is. FOTO: VERSKAF

NASIONALE VEILING

REKORDPRYS VAN R550 000 VIR BRANGUSBUL

'n Suid-Afrikaanse veilingsrekord van R550 000 vir 'n Brangusbul is op die nasionale veiling van die Brangus-beestelersgenootskap op Harrismith opgestel.

Dié bul is uit die Smith Brangus-stoetery (Kimberley) van mnr. JH (Kosie) Smith. Die koper was mnr. David Mashinini van die plaas Sophiasdeel naby Bethlehem.

Altesame 65 prestasiegetoetste bulle en 42 vroulike diere is aangebied. Rooi Brangusbulle het 'n uitstekende gemiddelde prys van R86 000 behaal.

'n Aantal topbulle en kuddevaars het boonop R200 000 of meer behaal.

Vir kommersiële boere was daar ook goeie teelmateriaal teen meer bekostigbare pryse beskikbaar, met net meer as 20 bulle wat teen minder as R50 000 verkoop is.

Die groot vraag na vroulike diere het goeie pryse vir verkopers beteken. Die gemiddelde prys vir koeie was R43 000 en dragtige verse het gemiddeld R28 000 behaal.

Die afslaer was mnr. Andrew Miller en die veiling is deur BKB Louwid aangebied.

— LIZA BOHLMANN

TEELMATERIAAL

R6 VIR ENKELE WAGYUSPERM

'n Beperkte hoeveelheid semen en embrio's is op die Wagyu "Uit de Fles"-veiling op Parys aangebied en verkoop.

Drie semenstrooitjies van die bul Midnight (**foto**) is teen R65 000 elk aan mnr. Kobus van der Westhuizen en sy seuns, Christiaan en Jannes, van die stoetery De La Blanc, Vierfontein, verkoop.

'n Veearts op die veiling het dit beskryf as R6 vir 'n enkele sperm. Midnight is die eerste top-Wagyubul waarby die poenskopgeen vasgeteel is. Sy karkasindeks is in die boonste 5% van die ras in Australië en sy marmering knap onder die top-1%. Midnight behoort aan mnr. Johan Strydom van Prime Wagyu naby Aliwal-Noord.

Die omset vir 197 lotte was R1,70 miljoen. Altesame 56 embrio's het R631 500 behaal (gemiddeld R11 276) en 141 semenstrooitjies gemiddeld R7 072. Kommersiële strooitjies van embrio- en semen-stasies is teen R100 tot R500 elk verkoop.

BKB het die veiling onder die beskerming van die genootskap aangebied.

SLAGVEE

GOEIE VRAAG NA ALLE VEE

DIE vraag na alle klasse is goed en pryse is stabiel. Die Noord-Vrystaat se pryse is beskikbaar op **www.vleisprys.co.za**. Gouda se pryse is deur BKB verskaf en Kimberley se pryse deur GWK.

PRYSE: WEEKLIKSE SKAAPVEILINGS

	Noord-VS (beste R/kg)		Kimberley (gem. R/kg)		Gouda (beste R/kg)	
DATUM	4/09	11/09	4/09	11/09	4/09	11/09
Stoorlammers (< 30 kg)	45,00	48,00	37,00	37,00	40,00	40,00
Slaglammers	38,00	37,10	36,00	37,00	38,00	37,50
Stoorskape	29,03	29,99	28,00	27,50	28,00	28,50
Vet skape	28,58	28,60	22,00	22,00	26,00	27,00

PRYSE: WEEKLIKSE BEESVEILINGS

	Noord-VS (beste R/kg)		Kimberley (gem. R/kg)		Gouda (gem. R/kg)	
DATUM	4/09	11/09	4/09	11/09	4/09	11/09
SPEENKALWERS (R/KG, LEWEND)						
< 200 kg	39,25	38,88	34,00	33,50	32,00	32,00
Tot 250 kg	35,03	35,55	33,00	32,50	32,00	32,00
> 250 kg	33,98	34,33	-	-	30,00	30,00
VOLWASSE BEESTE						
Klas A	26,31	26,36	-	-	25,00	24,00
Klas B	20,80	21,80	20,00	21,00	19,00	19,00
Klas C	18,50	18,80	17,50	18,00	19,00	19,00
Slagbulle	22,00	22,11	24,50	24,50	22,50	22,50

NAVRAE: MNR. CHRIS DERKSEN, SEL **082 807 5961** (NOORD-VRYSTAAT) OF **082 808 2668** (GOUDA).

JONGSTE VERSLAE OP WEB!
Die jongste veilingsverslae is op **Landbou.com**. Gaan na "Markte" en klik op "Produksieveilings".

NEIGINGS

FOTO: LBW-ARGIEF

BEEFMASTER

RAS SE PRYSE STEWIG ONDANKS KLIMAAT

Die Oos-Kaapse droogte, beleidsonsekerheid oor grondonteiening en 'n vol veilingkalender blyk weinig impak op die gewildheid en prys van die Beefmaster te hê. Mnr. Andries van Niekerk van Heritage Beefmasters sê dié stoetery het gemiddeld R42 000 per bul verdien op sy onlangse veiling op Grahamstad. Koeie en verse het R15 000 tot R20 000 behaal. Altesame 25 bulle en net minder as 90 vroulike diere is verkoop.

"Die vraag na Beefmasters is baie sterk," sê Van Niekerk. "Ons laaste ses tot sewe veilings het almal uitverkoop en verkopers het landwyd goeie pryse verdien. Op 'n onlangse multirasveiling in KwaZulu-Natal was die Beefmaster die enigste ras waarvan al die lotte verkoop is."

Hy skryf die ras se gewildheid aan sy goeie koei-tot-kalf-gewigsverhouding en groot genepoel toe. "Omdat ons ras so 'n groot genepoel in Amerika het, kan ons te eniger tyd van die beste nuwe genetiese materiaal invoer."

Hy sê die stewige pryse wat op die laaste veilings in die Oos-Kaap behaal is, is ten spyte van die droogte en swak pynappelpryse. "Hier by ons is dit hoofsaaklik pynappelboere wat hierdie tyd van die jaar beeste koop en hulle beleef 'n baie moeilike jaar."

Boere van ander provinsies ry egter Oos-Kaap toe om Beefmasters te koop. By die Hart & Bailey-veiling in Augustus was die gemiddelde bulprys R75 000. Die hoogste prys wat daar vir 'n bul betaal is, was R300 000.

– JASPER RAATS